

Groet in die Naam van Jesus

Voorveronderstellings:

Verlossing deur Christus

Aanvaar die skrif

Aanvaar die onderskeid van liggaam, siel en gees

Aanvaar die moontlikheid van die bo-natuurlike

In voorbereiding vir vandag se boodskap het ek 'n duidelike opdrag gekry van die Vader:
Vertel hulle van my Seun. Vertel hulle van Sy liggaam.
Dit het my herinner aan die teks van 1 Kor 11:29-30

Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die **liggaam van die Here** nie onderskei nie. Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en 'n aantal het ontslaap.

(1Kor 11:29-30 AOV)

Ons fokus gaan vandag op Jesus wees, en besonder op Sy lering oor genesing, gesondheid, dood en lewe. Dit is my gebed dat Hy vandag op 'n **vars manier** openbaar sal word en die **Vader** op 'n vars manier **verheerlik** sal word.

Ek is nie hier om enige nuwe inligting of nuwe lering te gee nie - in die woorde van A.W. Tozer; Ek is net hier om dit wat jy reeds weet van genesing op so 'n manier te herrangskik om jou aptyt vir die werking van God se Gees aan te wakker, sodat jy sal gretig raak om aan te sit en te deel in die feesmaal. ***How to be filled with the Holy Spirit - bl. 8***

Kom ons gaan kyk na Jesus se siening oor Sy fisiese liggaam:

Jesus se siening oor Sy eie liggaam:

Ons word eintlik redelik baie vertel oor Jesus se eie liggaam voor die opstanding.

Hy is fisies gebore en 'n paar dae later fisies besny.

Hy het gegroei.

Hy het geslaap.

Hy het honger geword.

Hy het kos geeet en dit geniet.

Hy het toilet toe gegaan.

Hy het gesweet.

Hy het trane gehuil.

Hy het pyn ervaar.

Hy het gebloei.

Hy het gesterf.

Heb 4:15 Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde.

Sy liggaam was in elke opsig onderwerp aan dieselfde elemente as elkeen van ons se liggame.

Waar Sy liggaam die oenskynlike reëls van die natuur oorskry het, het ander liggame in Sy teenwoordigheid dieselfde gedoen. Die verheerliking van Jesus se liggaam was nie beperk tot Sy na-opstandings liggaam nie. Verheerlikte liggame is die gevolg van die werking van God se Gees in 'n liggaam. (hier is 'n sleutel).

Verheerliking ook nie beperk tot Jesus se liggaam nie - dit wil voorkom of kan wees dat die mens se liggaam gemaak is vir verheerliking.

Dink aan Petrus op die water, Fillipus wat in tyd gereis het, Sara wat post-menopausaal swanger geraak het. Maria wat oordek is met die Heilige Gees. Staphanus se gesig wat geskyn het soos 'n engel s'n. Elia wat in die lug opgestyg het.

...

Jesus het geleer oor die fisiese liggaam:

Mat 15:10-11 En Hy het die skare na Hom geroep en vir hulle gesê: Luister en verstaan! (11) Nie wat in die mond ingaan, maak die mens onrein nie; maar wat uit die mond uitgaan, dit maak die mens onrein.

Die oorsprong van onreinheid (defilement) van die liggaam, is nie wat die liggaam binnegaan nie, maar wat vanuit die hart/siel kom. (sien ook Gen 3:7)

Die herstel van die liggaam - genesing - is die werk/plan/motief van die Vader (Joh 9 (blinde man), Joh 5 (verlamde man), Mat 12 (verdorde hand), Luk 13 (gees van krankheid))

Die genesing van die liggaam is nie die finale plan met die liggaam nie. (Joh 5:14, Joh 8:11)
Joh 5:14 Afrikaans OV Daarna het Jesus hom in die tempel gekry en vir hom gesê: Kyk, jy het gesond geword; moenie meer sondig nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie.
Die finale plan is 'n sondelose ewige fisiese bestaan - soos in die tuin in Eden.

Die opstanding uit die dood sal 'n fisiese liggaam insluit. (Joh 2:19-22, Matt 22)

Joh 2:19-22 Afrikaans OV Jesus antwoord en sê vir hulle: Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig. (20) En die Jode sê: Ses en veertig jaar lank is aan hierdie tempel gebou, en U, sal U dit in drie dae oprig? (21) Maar Hy het oor die tempel van sy liggaam gespreek. (22) En toe Hy opgestaan het uit die dode, het sy dissipels onthou dat Hy dit vir hulle gesê het; en hulle het die Skrif geglo en die woord wat Jesus gespreek het.

Hierdie punt diskwalifiseer Paulus se rede by die Areopagus

Hierdie punt vorm die basis van die aanklag en skuldigbevinding van Jesus

Word gedurig gemis/geminag deur Jesus se dissipels

Jesus het geleer oor Sy eie liggaam:

Dat Sy liggaam die woonplek van God op aarde is. (Joh 2)

Dat Sy liggaam die brood van die lewe is. (Joh 6)

Dat ons Sy liggaam kan/moet eet en Sy bloed kan/moet drink (Joh 6)

Joh 6:53-56 (AOV) En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie. (54) Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag. (55) Want my vlees is waarlik spys, en my bloed

is waarlik drank. (56) Wie my vlees eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom.

Dat, hoewel Sy liggaam sterflik is, dit weer sal opstaan uit die dood. Jesus het nooit oor Sy lyding en sterwe gepraat sonder om ook oor Sy opstanding te praat nie.

Die nuwe verbond tussen God en mens vind gestalte in Sy liggaam. (1 Kor 11)

Jesus het 'n baie opsetlike punt gemaak om Sy volgelinge te oortuig dat Hy **fisies** uit die graf uit opgestaan het. (Luk 24)

Dieselfde liggaam wat Vrydagaand gesterf het, het Sondagoggend uit die graf opgestaan.

Hierdie punt vorm een van die groot argumente wat ek gebruik vir die genesing van die liggaam waarin jy nou is.

Die offer van Sy liggaam op Golgota was 'n vrywillige (**vrye keuse**) offer (Joh 10:18)

Jesus het geleer oor die dood:

Die dood het, soos slaap, 'n tydelike effek op die liggaam. (Joh 11, Luk 8)

Joh 11:11-15 AOV Dit het Hy gespreek; en daarna sê Hy vir hulle: Lasarus, ons vriend, slaap; maar Ek gaan om hom wakker te maak. (12) Sy dissipels sê toe: Here, as hy slaap, sal hy gesond word. (13) Maar Jesus het gespreek van sy dood, terwyl hulle gedink het dat Hy van die rus van die slaap spreek. (14) En toe sê Jesus vir hulle ronduit: Lasarus is dood. (15) En Ek is bly om julle ontwil dat Ek nie daar was nie, sodat julle kan glo. Maar laat ons na hom toe gaan.

Dat Hy Sy eie liggaam na drie dae uit die dood sou opwek. (Joh 2)

(Jesus tref 'n onderskeid by die opstanding op die laaste dag, en die opstanding van Lasarus.

Die onderskeid beklemtoon dat dit die openbaring en verheerliking van Jesus is wat die dood oorwin, en nie net die einde van tyd nie...)

Ek verwissel nou ratte...

Ek is nie hier om jou siekte of jou lyding te verklein of die spot daarmee te dryf nie. Ek wil graag baie sensitief wees vir jou unieke reis deur jou swaarkry. In dieselfde asem wil ek dit ook duidelik stel dat ons nie geroep is om ons **siekte en swakheid** te verheerlik nie, maar **die Vader**.

...

(2 Kor 12:9 - eerder roem in my swakhede. 2 punte: 1 - roem in die Vader op dieselfde tyd dat ek swak is. 2 - eerder stel die teenstelling met die eerste scenario, om te roem in die openbarings. Die krag van God (Gees) is aan die werk wanneer ek glo ten spyte van my swakheid. Dit is geen prestadie om te glo terwyl alles aan my geopenbaar is nie.)

Heb 12:2 (AOV) - die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het.

Heb 12:2 (MKJV) - looking to Jesus the Author and Finisher of our faith, who for the joy that was set before Him endured the cross, despising the shame, and sat down at the right of the throne of God.

Ek glo dat die verskil tussen 'suffering' en 'glory' is die betrokkenheid van my vrye keuse. Die keuse is waarop my fokus gaan wees. *(Sien ook Rom 8:18) For I consider that the sufferings of this present time are not worthy to be compared with the glory which shall be revealed in us.*

...

(Ek bedoel nie dat 'n keuse maklik is omdat dit vry is nie, vrye keuses is dikwels die moeilikste. Ek bedoel net dat die keuse moontlik is omdat dit vry is. Om heerlijkheid te kies in die aangesig van swaarkry is goddelik, maar moontlik...)

Die Vader se plan vir ons lewe is volmaak,
Sy Seun is die volmaakte voorbeeld van Sy plan en
Sy Gees is die agent van Sy plan op aarde.

(God is soewerein, maar nie 'n tiran nie. Sy plan is soewerein, maar oortref nie my vrye keuse nie)

Ek wil vandag fokus op die rol van ons fisiese liggame binne-in hierdie volmaakte plan van die Vader, en ek wil dit doen aan die hand van die Woord se eie verklarings oor die fisiese liggaam. Wanneer ek vandag praat van die liggaam bedoel ek daarmee die fisiese vleis en bloed (of soos Hy dit genoem het, vleis en been) liggaam soos bedoel in die oorspronklike griekse woord 'sarx'. Dit verwys in hierdie konteks nie na die gemeente, die bruid of die kerk nie, hoewel die fisiese liggaam al drie hierdie beelde tasbaar ondersteun.

...

Joh 1:14 En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon— en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid.

Die vleeswording van Jesus heg 'n koninkryksdimensie aan die **fisiese liggaam** wat dit vir my moontlik maak om n boodskap van **volkome genesing te verkondig**, ongeag die siekte of mediese probleem.

Dit was die plan van die Vader om 'n mensdom te skep in 'n fisiese vorm wat vir **ewig** sou bestaan, en dit is steeds Sy plan om die mensdom te red/redeem/herskep in 'n volmaakte/gesonde fisiese vorm om vir ewig te bestaan. Ek noem dit **gesondheid!**

(In hierdie konteks kan ek nie regtig se dat ek vir die departement van Gesondheid werk nie)

Ek wil nie vandag die liggaam verheerlik nie, maar die Skepper van die liggaam. Dit is die Skepper self wat die liggaam verheerlik.

Die fisiese aard van Jesus Christus se liggaam is die fondament vir die tekens van die brood en wyn. Hy stel dit duidelik dat die brood Sy liggaam is en die wyn is sy bloed.

...

(Metafore maak dit moontlik vir ons beperkte begrip om dinge van die bo-natuurlike wereld waarin God leef te verstaan. Dit het hierdie een nadeel dat ons kan dink dat die metafoor absoluut niks met ons huidige omgewing te doen het nie. Die koninkryk van God is nie vir eendag nie - dit is van ewigheid en tot in ewigheid. Dit penetreer alles - ook ons materie. Dit is ook vir hier en nou!)

Lewe = tydelik, Dood = ewig

Ons lewe dikwels met die gedagte dat die lewe kosbaar is omdat dit tydelik is en die dood ewig. Dit is 'n antieke dwaalleer wat vandag nog sigbaar is in die wereld en ongelukkig ook in die kerk. Plato - griekse filosoof van omtrent 500 vC - stel die volgende standpunt dat die siel of die denke die hoogste setel van die mens is en dat die vlees, oftewel die fisiese liggaam, die setel van die mens se probleme is. Hy het die grootste invloed op die westerse filosofie, en via Augustinus ook op die kerk, gehad en dit word tot vandag beskou dat die dood grootliks

'n verlossing is van die beperkinge wat die vlees op die potensiaal van die siel plaas. Plato sien dus die fisiese liggaam as tydelik en die dood van die liggaam as ewig. Eintlik ego Plato maar net die skeiding tussen liggaam en siel wat by die Boom van Kennis gebeur het toe Adam en Eva vergiftig is en hulle naaktheid ontdek het...

Lewe = ewig, Dood = tydelik

Dit stry egter met Jesus se lering, se houding en se voorbeeld oor die rol en potensiaal van die liggaam. Uit Jesus se lewe is dit duidelik dat Hy die liggaamlike lewe gesien het as ewig en die dood as tydelik. Ons ondersoek dit vandag.

Voorbeeld van die Apostoliese geloofsbelydenis - ...die opstanding van die vlees.

Hierdie dwaalleer vorm dikwels so 'n sterk vesting (stronghold) in my denke dat die wil vir genesing, of meer nog, vir gesondheid, so klein is dat ons dit glad nie soek nie. Onthou asseblief dat niemand wat deur Jesus genees is, nie gekom het, of gebring is vir genesing nie - hulle moes dit wou he, en gedink het dat dit moontlik is. Dit is ons beperkende denkwysie wat ons weg hou van die volheid van God se plan vir ons.

1Co 6:19- 20 *Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan juiself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.* (dit neem oorsprong van God)

1 Kor 9:19-20 se dat ons liggaam die tempel van die Gees van God is. Hierin is 'n groot geheimenis opgesluit wat, indien ons dit sou kies, 'n wereld van onbeperkte gesondheid vir ons sal oopsluit. Paulus leer in 1 Kor 6 dat die fisiese liggaam meer is as net 'n voertuig wat die opdragte van die siel uitvoer, soos die instink van diere. Die probleem by die Korintiërs was 'n gedagte dat mense en diere slegs van mekaar verskil in terme van intelligensie. Paulus is nie besig om hulle te manipuleer met 'n skuldgevoel nie, hy is besig om hulle te inspireer met die waarheid van hulle oorspronklike doel. Ons sien iets hiervan raak in die bekende aanhaling van C.S. Lewis:

"If we find ourselves with a desire that nothing in this world can satisfy, the most probable explanation is that we were made for another world."

Om die liggaam slegs te sien as die somtotaal van die fisiese prosesse daarin, gedryf deur instink is 'n arm gedagte. Paulus se argument crescendo tot hierdie waarheid: Die liggaam is die woonplek van God.

Gen 2:25 *En hulle was altwee naak, die mens en sy vrou, maar hulle het hul nie geskaam nie.*

Adam en Eva in hulle verheerlikte vorm was kaal (arom - naked) maar nie skaam (boosh - disappointed) nie - beteken dat siel en liggaam verbind was met n band van volmaakte liefde.

Gen 3:7 verduidelik die eerste effek van die sondeval as 'n skaamte vir die liggaam. Die volmaakte band van liefde wat die liggaam en siel verbind het voor die val, makeer herstel. Die tweede Adam het dit kom doen.

(Jesus ontstaan uit vlees en Gees en nie uit vlees+vlees soos ons nie. Vir ons om vlees+Gees te word moet ons dit kies (wedergeboorte). As ons nagmaal gebruik celebrate ons dat ons ook nou vlees+Gees is.)

Wat het dit met my en my siekte te doen?

Miskien is jy deel van die Korintiers wat nie kan glo dat dit God se plan is om jou liggaam vir ewig te laat lewe nie. Ek het vandag vir jou genoeg skrif gebring vir 'n persoonlike openbaring van die fisiese liggaam van Jesus - die gekruisigde een, en die opgestane een. As jy hierdie openbaring kan sien sal dit elke beseëte vesting van die tydelikheid van die lewe en die ewigheid van die dood, wat homself oprig teen die kennis van God, neerwerp. **As jy jouself in die liggaam van Christus kan sien, en die liggaam van Christus in jou, sal jy bevry wees om genesing te verwag en ewige gesondheid na te jaag asof jy daarvoor gemaak is.**

Miskien is jy deel van die jode wat Jesus gevolg het om die volgende wonderwerk te aanskou asof dit 'n sirkus is. Ek bring vandag vir jou die teken van Jona. God se plan is nie net jou genesing nie, maar jou verheerliking. Die werk van genesing waarop jy al vir soveel jare hoop en wag, is net die begin van die heerlikheid, soos van die eniggebore Seun van die Vader. **As dit al is wat jy van God verwag, kry jy net die teken van Jona.** Gaan kyk na die teken van Jona en word oorrumpel deur die krag van Sy opstanding.

As jy vandag gekom het met die verwagting om losgemaak te word van 'n siekte band wil ek jou graag uitnooi om te kom sit aan die tafel van die Here. Kyk, daar is die brood en daar is die beker. As Jesus die brood neem en dit skeur, is dit sodat Hy dit kan uithou na jou. Hy nooi jou om Sy sienings oor Sy liggaam, oor genesing, oor dood en oor opstanding deel te maak van jou liggaam. Dit is vir jou - volledig. Die liggaam van Jesus nooi jou om vandag verby jou kortsigtige begeerte vir genesing te beweeg, na die groter heerlikheid van ewige gesondheid en ewige lewe. Dit is waarvoor jy geskep is!

Korporatiewe bediening - Verklaring van gesondheid deur die liggaam van Jesus

Ek kom vandag uit my eie vrye keuse om te kyk na die liggaam van Christus
Ek bely dat my gedagtes oor lewe en dood dikwels werk in die hand van die vyand om te glo dat my liggaam net tydelik is en die dood ewig.
Ek kies vandag om Jesus te volg en te verklaar dat die dood tydelik is en die lewe ewig.
Ek kies vandag om my liggaam te sien as die tempel van die Heilige Gees.
Ek beroep my op die Gees van die lewende God, om my liggaam te vul met die heerlikheid van die Seun
Ek spreek vandag liefde uit oor my eie vlees sodat die Gees van God elke meganisme in my liggaam wat genesing en herstel bring te kan oorneem en gebruik om my liggaam te genees.
Ek dank die Vader vir Sy volmaakte plan van ewige lewe, ook vir my liggaam.

Individuele bediening - Bedieningspan

(Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom. Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here. Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink. Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie. Daarom is daar onder julle baie swakkes en siekliques, en 'n aantal het ontslaap. 1Ko 11:23-30 Afrikaans OV)

Heb 12:2,

Heb 12:1-2 Afrikaans OV Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, (2) die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het.

Fil 2:8-9,

Php 2:8-9 Afrikaans OV en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis. (9) Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is,

Fil 3:8-11

Php 3:8-11 Afrikaans OV Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry (9) en in Hom gevind te word, nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof; (10) sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word, (11) of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik.

Joh 11:25-26

Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit?
(Joh 11:25-26 Afrikaans OV)

Rom 12:1-2,

Rom 12:1-2 Afrikaans OV Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens. (2) En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.

Rom 8:11,

En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.

(Rom 8:11 Afrikaans OV)

Joh 14:12,

Joh 14:12 Afrikaans OV Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo—die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan.

2Pet 1:3-4,

2Pe 1:3-4 Afrikaans OV Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlijkheid en deug, (4) waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is.

3Joh 1:2,

3Jn 1:2 Afrikaans OV Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan;

1Kor 11:29-30

1Co 11:29-30 Afrikaans OV Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie. (30) Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en 'n aantal het ontslaap.

Joh 11:43-44

*En nadat Hy dit gesê het, het Hy met 'n groot stem geroep: Lasarus, kom uit! En die oorledene het uitgekom, aan hande en voete met grafdoeke gebind, en sy gesig was togedraai met 'n doek. Jesus sê vir hulle: Maak hom los en laat hom gaan.
(Joh 11:43-44 Afrikaans OV)*

1 Pet 2:24

*wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is.
(1Pe 2:24 Afrikaans OV)*